



### NUUS

Jeff Coetzee slaan kishou vir ontwikkeling

3



### NUUS

Maties Equestrian Club launches new facilities

4



### NUUS

Straatmylfees vereer De Villiers Lambrecht

5



### ART

Keith Dietrich as artist and curator

6



### MENSE

Monique Zaahl: Gene vertel veel meer

8

## Personeellede beloon vir 25 jaar diens aan Universiteit

Altesaam 31 US-personeellede het Woensdagaand 5 Oktober Langdienstoekennings ontvang vir 25 jaar se harde werk aan die Universiteit.

Sertifikate is aan dié personeellede oorhandig tydens 'n aandete-geleentheid by die Wallenburg-sentrum (Stias).

Prof Tobie de Coning, Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, het die gaste verwelkom, waarna prof Russel Botman, US Rektor, sy gelukwense oorgedra het.

“Namens die Universiteit wil ek elkeen van julle bedank vir jul bydrae die afgelope kwarteeu. Julle het gehelp om die US een van die beste universiteite in die land en op ons vasteland te maak. En dít is wat ons nou in staat stel om die samelewing van diens te wees met die Universiteit se HOOP Projek,” het Botman gesê.

Hy het hulle verseker dat hulle daarop trots kan wees dat hulle in hierdie 25 jaar 'n verskil gemaak het in duisende Stellenbosse graduandi se lewens, en deur hulle ook ander se lewens beïnvloed het.

“Dankie vir die voorbeeld wat julle gestel het, dankie vir al die opoffering en harde werk, dankie vir die vasbyt en die saamstaan deur moeilike tye. Deel asseblief jul ervaring en



Dié personeellede is onder die 31 wat vanjaar hul Langdienstoekennings vir 25 jaar se diens aan die Universiteit ontvang het.

Foto: Anton Jordaan

kennis met die jongklomp,” het Botman gesê.

Die personeellede wat die Langdienstoekennings ontvang het, is mnr Jimmy Abrahams, me Marina Ackerman, mnr Albrecht Bester, me Lazelle Bonthuys, prof Danie Brink, me Esmeralda Carelse, mnr Randoll

Christians, mnr Melvyn Daniels, mnr Helmi Dreijer, mnr Stephen Festus, mnr Joseph Fillies, me Annatjie French, prof Hendrik Geyer, me Maggie Jansen, me Annette King, mnr Johann Kistner, prof Hennie Kotzé, me Anita Liebenberg, me Niki Loedolff,

me Sylvia Matroos, mnr Charles Opperman, mnr Winson Pool, mnr Adrian Roman, me Marel Samodien, mnr Bennie Schloms, prof Frikkie Scholtz, dr Johann Smith, prof Leon van Wyk, prof Johan Vermeulen, prof Marianna Visser en dr Pieta van Deventer.

### SU development initiative

# Bursary funds support transformation

A total of 36 prospective SU students from previously disadvantaged communities will benefit from two bursary funds launched in September. The Ciucci Law Development Initiative (CLDI) will give 22 students the opportunity to pursue legal studies at SU, while 14 learners from Mitchells Plain who participated in a SU tutelage programme also received bursaries.

Access to the legal profession, socially relevant research to uphold constitutional rights and legal resources for rural areas will be the emphasis of the CLDI, established in SU's Faculty of Law.

“The Faculty is proud to announce that Giuseppe and Kathleen Ciucci have made a significant pledge to the Stellenbosch Foundation to fund the CLDI,” says Prof Gerhard Lubbe, Dean of the Faculty and Director of the Ciucci Centre for Law and Social Development. “In the context of the University's HOPE Project, the Ciucci family and the Law Faculty

will partner to support the Faculty in a way that best contributes to positive transformation in South Africa.”

Mr Giuseppe Ciucci was appointed Chief Executive of the Stonehage Group in London in May 1997. Stonehage is a leading independent Multi Family Office

**“We believe this initiative will contribute to the realisation of the University's HOPE Project.”**

– Giuseppe and Kathleen Ciucci

offering wealth management and advisory services to an international clientele.

He and his wife Kathleen are both alumni of SU's Faculty of Law. “We would like to assist disadvantaged learners to access the legal profession, and to support SU to expand its legal resources in rural areas. We believe this initiative

will contribute to the realisation of the University's HOPE Project and establish the SU as a catalyst for positive social transformation,” he said.

The first pillar of the CLDI will facilitate access to legal education through the Undergraduate Training Initiative, providing Giuseppe & Kathleen Ciucci Scholarships for first-year students at the Faculty of Law, matched by the Dean's Fund. These scholarships extend the existing Recruitment Scheme initiated by the Stonehage Charitable

Trust and the Dean of the Faculty of Law in 2009, resulting in 22 scholarships annually to recruit qualified students from disadvantaged groups.

The second pillar of the CLDI is a Developmental Law Initiative, focused on post-graduate research and training in the areas of socio-economic rights, administrative

justice and constitutional property law.

### Maties on the Plain

Fourteen learners from the Mitchells Plain area who participated in a SU tutelage programme were surprised with bursaries at a function held at the Devon Valley Hotel. The bursaries are worth R32 000 each and will cover the prospective students' tuition costs, and they are also offered a place in a residence at the university.

The University's Centre for Educational Leadership and Management (CELEMUS) and the Centre for Prospective Students (CPS) joined forces to provide the tutelage programme for the learners from nine schools in the Mitchells Plain area. “The idea of this programme is to establish a pipeline that runs from the school into the university,” Dr Trevor van Louw, co-founder of the programme and Director of CELEMUS, said.

Aptly named “Maties on the Plain”, the programme was presented



Kathleen and Giuseppe Ciucci

over 20 Saturdays from April until October at Spine Road High School in Mitchells Plain. Learners were selected for the programme based on academic achievement in their Grade 11 examination and an interest in courses offered by SU. The learners also attended a winter school at the Stellenbosch campus where they were exposed to campus life.

According to Van Louw, traditionally many of the top-academic Grade 12 students in this area further their studies at other institutions. “Through the tutelage programme we were not only able to address a real need in the community; we were also able to present the learners an opportunity to consider SU for their studies.”

● Also read the letter on page 2.





## Van die redakteur se lessenaar

Die jaar snel alweer tot sy einde. As Oktober eers begin het, weet jy Kersfees is om die draai. En as jy jou weer kom kry, is dit 'n nuwe jaar. Teen middel-Oktober is die jaar se klasse iets van die verlede, en van akademië tot studente kry hulle reg vir die eindeksamen, waarop gradedag vir sommige volg. Maar tot dan is dit skouer aan die wiel. Hierdie tyd van die jaar begin 'n mens ook onwillekeurig terugkyk op die jaar wat was, en jy besef hoeveel dinge in 2011 gebeur het. En jy kom agter presies hoe vinnig 'n jaar verby kan vlieg.

Die afgelope maand was dit ewe druk besig by

die US, en dié maand se uitgawe van *Kampusnuus* vertel van al dié bedrywighede.

Op die voorblad berig ons oor twee nuwe beurse wat aan voorheen benadeelde studente toegang tot die US sal gee. Vir hulle lê 'n belowende 2012 gevul met uitdagings voor. 'n Groep personeellede het ook langdienstoekennings ontvang en kan terugkyk op 25 jaar se harde werk hier aan die US.

Dan was daar ook 'n sarsie personeellede wat die afgelope tyd vir hul harde werk beloon is deur toekennings te ontvang waarop hulle én die US trots kan wees.

Die eerste Ontwikkelingsakademie is ook in September gehou, waarin die belang van fondswerwing vir universiteite belang is.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*. En sit maar skouer aan die wiel vir die laaste kwartaal.

Wayne

## Inboks

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to [kampusnuus@sun.ac.za](mailto:kampusnuus@sun.ac.za), fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters.

## Maties nié net op Plain

Kritiek is op die US nuusblog gelewer dat beurse deur die "Maties Oppie Plein"-program aan leerders van Mitchells Plain gegee word, maar nie aan dié in die Stellenbosch-omgewing nie (sien berig op bl.1). Dit is egter nie so nie.

Stellenbosse skole is top-voederskole van die Universiteit en daar word jaarliks intensief gewerf in die omgewing. Kayamandi, byvoorbeeld, het talle projekte waar beide US-personeel en -studente aktief betrokke is met ondersteuning en werwing.

Die Stellenbosse skole word bereik deur skoolbesoeke, fakulteitsuitreikings, loopbaanuitstallings, die Opedag, vakkeuseprojekte, en daar word jaarliks beurse aan leerders in die omgewing toegeken. In die laaste vyf jaar was daar 'n groot mate van groei in die getalle van studente van plaaslike hoërskole soos Lückhoff (15), Kylemore (16), Kayamandi (5), Stellenzicht (3) en Cloeteville (11).

"Maties Oppie Plein" het die US die geleentheid gebied om verhoudings met skole te bou waar leerders nie tradisioneel die US as eerste keuse sien nie. Kontak my gerus direk vir meer inligting rakende werwingsaksies by [bfan@sun.ac.za](mailto:bfan@sun.ac.za).

**Beverley Fanella**

Adviseur: Sentrum vir Voornemende Studente

## Sal die skuldige asseblief opstaan...

Iemand het besluit dat die pragtige, historiese Admin B gebou, op die Rektoraat-vlak (waar ons gereeld gaste ontvang), ontsier moet word met plante wat eerder buite in die sonlig wil groei, en lelike blink potte.

Waar 'n mens gewoonlik die trap bestyg het, en via die pragtige antieke trapreling en kandelaar 'n panoramiese uitsig oor Victoriastraat, die plataanbome en studente gehad het, word dit nou alles versper deur onooglike potte en plante.

Die plante lyk hartseer, want hulle hoort buite, nie soos soldate in 'n ry in ons mooie ou gebou nie! Verder is daar oral in die gebou ander potjies wat soos moesies uitstaan, met plante wat wissel van skoonma-se-tong tot ander snaakse soorte, wat benoud wil uitklim uit die vreemde potjies.

Kan die skuldige persoon wat daarvoor besluit het asseblief die plante kom haal en dit in die Universiteitstuine uitplant waar dit hoort!!! Dankie byvoorbaat daarvoor.

**Martie vd Linde**

## Kuberpraatjies

Comment on our SU Facebook page at [www.facebook.com/stellenboschuniversity](http://www.facebook.com/stellenboschuniversity), or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Goed gedaan US! As trotse Plain inwoner en Matie bars ek uit my nate van blydskap vir hierdie inisiatief ("Maties Oppie Plein"). Vir baie M/Plain leerders is sulke geleenthede hul enigste hoop tot 'n universiteitsloopbaan. Job well done! – **Gwyneth Hefke**



Many kids in Delft, where I'm from, also deserves a chance... Wat van onse kinders in Delft? Baie kinders met talent maar niks word gedoeni. – **Nicky Fillis**

Im so proud of US!! As a Plain resident and matie student i really do feel that m/plain has a lot of potential. It's times like these that Im proud to say Im a MATIE!! – **Nadine Nel**

(On SU honorary doctorates) Stellenbosch University to honor former judge of Constitutional Court Pius Langa with honorary doctorate. Methinks great choice :-)

– **Ebenaazer Thamsanqa Appies**

(In reaction to the "Maties on the Plain" bursaries) I can only hope like a Hope\_Project that those kids will be supported right through to their final year! – **Dumirocks**



@StellenboschUni kan julle nie weg met die PSO's nie, want mens weet nooit wat op kampus aangaan nie – skande! – **elizabethAnne\_w**

At least seven of those who feature on the Rich List studied at the prestigious @StellenboschUni reveals business Times! Proud to be a Matie. – **Dumisani Mahlangu**

An epic lecture by #Mbeki @StellenboschUni, he is an absolute treasure, a true African leader only the enlightened can understand his vision. – **Edson Charikinya**



## Klip innie bosch

ILSE ARENDESE

## Tick-tock, tick-tock...

Ever wondered why we have an eight-hour work day? Why not 10 hours? Or better yet... only four hours? And who decided how many hours one must work? Why do we have to work in any case?

Okay, jokes aside. We have eight-hour work days to safeguard employees against ruthless employers. And a wise man (I've decided he is wise because I agree with him) once told me that life is about balance, no one can live on work alone. We need time to relax, sleep, eat, have fun, spend time with family, friends and pets.

When I first started working – donkey's years ago – I decided that I will work hard, always do my best, but never let work rule my life. I need balance to keep me sane and I think we all owe that to ourselves – from ordinary workers to big bosses.

I've also read once that working overtime can kill you. Scary stuff. According to a study that was done on the effects of working overtime, people who worked 10 or more hours a day had a 60% higher risk of heart-related problems than those who didn't work overtime. Seriously, I love my job, but I can think of better ways and places to die.

Needless to say, you won't find me slaving away after-hours at my desk every day of the week. Not because I'm lazy, I can

proudly say I can do a lot in eight hours and I don't mind doing the extra hour now and then, that's par for the course, but I like to practice what I preach, and most importantly I have children, crazy dogs and a husband who are waiting for me in the afternoons.

**Life would be so much easier if we all just realised that life is not black and white – what about shocking pink or scarlet red?**

However, that said, we all know life does not always fit into that nine to five (or in our case here at SU, 08:00 to 16:30) box. It's not always possible to get a dentist or specialist appointment on a Saturday or after five in the evenings. Sometimes children get sick during the day and need to be picked up early from school. Then we inevitably "steal" time from work – but that is where compromise and understanding come in.

Just like I'll understand if my employer gives me an urgent task that will mean working late, at the same time an employer must understand when I have urgent personal matters that I need to tend to during the day. Life would be so much easier if we all just realised that life is not black and white – what about shocking pink or scarlet red? Besides, as long as the work gets done, there shouldn't be a problem.

I must add, however, that I'm not talking about the office slackers who take advantage and do the bare minimum. I'm talking about your average hard-working employee who takes pride in his/her job and who doesn't mind going the extra mile when the situation requires it.

So, if you're one of those who perpetually work two hours or more overtime, ask yourself this question: Is what I'm busy with so urgent that it can't wait until tomorrow? If your answer is yes, by all means, shoulder on (and maybe make a note to invest in some time management classes... just a thought).

If your answer is no, switch off that computer and make your way home. There is life outside of work – go and enjoy it. And while you're at it, bury those feelings of guilt – that's so 1989!

Menings in *Kampusnuus* is dié van die betrokke individue en nie noodwendig die standpunt van die redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

Opinions expressed in *Kampusnuus* are those of the individuals concerned and not the view of the editorial team or Stellenbosch University.





Ms Ellen Tise

## Library head awarded Golden Key Honorary Membership

Ms Ellen Tise, Senior Director of the Library and Information Service, was awarded honorary membership by the Golden Key International Honour Society.

The primary purpose of Golden Key is the recognition and encouragement of superior scholarship in all undergraduate and graduate fields of study. Membership in Golden Key is by invitation only and is extended to the top 15% of SU students. The organisation's mission is to enable members to realise their full potential in their three pillars: academics, leadership and service.

Tise received her honorary

membership at a ceremony held in the Endler Hall of the Conservatoire on 15 August 2011.

Tise's nomination was based on her commitment to higher education and direct involvement and portrayal of leadership skills with the establishing of the Learning Commons in the JS Gericke Library. The Learning Commons is a state-of-the-art facility that provides students with optimal access to technology and support to use it to their best possible ability.

The granting of this prestigious award coincided with the conclusion of Tise's successful two year presidency of the International

Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) at its annual congress in Puerto Rico during the same time.

During the opening address of her term of presidency, Tise reflected on the following encouragement for libraries to embrace change and strive even harder to create access to information: "Librarianship at the beginning of the 21st century is not under threat as a dying discipline but rather the lack of initiative on the part of some libraries to traverse these new peaks in order to make trusted and authentic information available to information seekers.

"This access includes librarians serving as publishers via open access platforms, librarians becoming authors in the Wikipedia world and librarians operating as preservers of social networking content are but some of the new challenges on the same old mountain range of collecting, organising and disseminating information."

Tise also included a special encouragement for libraries in the developing world to apply their skills to contribute to change, growth, development and innovation in order to bridge the gap that exists between theirs and the developed world.

Jeff Coetzee

## Tennisster slaan kishou vir ontwikkeling

Jeff Coetzee (foto's), 'n top professionele tennisspeler, het sy gewig by die US se Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling ingegooi.

Hy is nou betrokke by die Instituut se tennis- en lewensvaardigheidsontwikkelingsprogram, wat op laerskoolleerders in Stellenbosch en omstreke gemik is. Hy word deur US-studente bygestaan. Kinders word op die baan touwys gemaak, maar leer ook selfvertroue, finansiële geletterdheid, respek, kommunikasie en om moontlikhede raak te kan sien.

"Ek het 'n passie vir ontwikkeling, want ek kom self uit 'n ontwikkelingsprogram," het Coetzee aan *Kampusnuus* gesê. "Ek weet wat dit behels om bo uit te kom, en dis hoekom ek graag kinders wat in moeilike omstandighede grootword, aanspoor om uit te styg."

Sowat 100 graad 4-leerlinge van Cloeteville, Idasvallei, Pniel en Kylemore neem aan die program deel.

Hulle gaan tot aan die einde van hul graad 7-jaar bygestaan word, waarna daar met 'n nuwe groep graad 4-leerlinge begin sal word.

"Dit gee ons studente waardevolle blootstelling aan gemeenskapsontwikkeling," het dr Leslie van Rooi, hoof van die FVZS Instituut, oor die

program gesê.

Me Debbie Human, 'n dosent in Ondernemingsbestuur wat die program help saamstel het, het gesê: "Ons fokus onder meer op kritiese denke, 'n

gebalanseerde lewe en hoop."

Coetzee is een van die suksesvolste tennisspelers wat Suid-Afrika nog opgelewer het, en was die eerste swart speler wat op topvlak in die land presteer het. As junior was hy onder die top 10 in die wêreld, en later was hy en Chris Haggard die derde beste dubbelspelspan ter wêreld. Hy het Suid-Afrika al 18 keer in die Davisbekertoernooi verteenwoordig.

Hy is die jongste van agt kinders en het in Okiep grootgeword. Hy



was agt jaar oud toe hy saam met sy broers en maats begin tennis speel het – met 'n raket wat hy self uit tamatiëkiplankies aanmeekaargeslaan het. Die baan was 'n sandplaat tussen die kokerbome, en die net is aanmeekaargeryg uit leë lemoensakkies.

Sy talent is raakgesien, en hy is by 'n tennisonwikkelingsprogram betrek.

Toe hy 11 jaar oud was, het hy die Namakwalandse Ope gewen. Sy eerste blootstelling aan die US was toe hy op

die Universiteitsbane kom oefen het.

Hy het lank in Johannesburg en die VSA gewoon en tennis gespeel.

Coetzee glo in terugploeg. "Dis vir my lekker om met kinders te werk. Ek sê altyd vir hulle, 'Gee jouself 'n kans.' Dit werk, want hulle kan met my identifiseer."

– DESMOND THOMPSON



Staff Successes



**PROF CHRISTINE LOCHNER** of the MRC Unit for Anxiety and Stress Disorders at the Faculty of Health Sciences has been selected as one of the Young Affiliates for the Academy of Sciences of the Developing World (TAS) from the sub-Saharan region, on the basis of the quality of her scientific research. As an affiliate of TAS, Lochner will now have access to various benefits offered by the organisation for the next five years.

**PROF CONRAD MATTHEE**, voorsitter van die Departement Plant- en Dierkunde, en sy medewerkers het die Jane B Walker-toekening ontvang op die sewende konferensie oor bosluise en bosluisverwante patogene in Spanje, vir hul navorsing oor die evolusie en sistematiek

van bosluisspesies wat Kongokoors by mense en hartwater by beeste veroorsaak. Matthee het die aanbieding namens die navorsingspan gelewer. Sy medewerkers was dr Dmitry Apanaskevich van die VSA se Nasionale Bosluisversameling aan die Georgia Southern University, prof Ivan Horak van die Vrystaatse Universiteit, en me Nadia Cangi, 'n meestersgraadstudent in dierekunde aan die US.

**MNR LEON EYGELAAR** van die US Institusionele Navorsing en Beplanning was die enigste lid van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Institusionele Navorsing wat gekies is om die Amerikaanse Vereniging vir Institusionele Navorsing (AIR) se National Summer Data Policy Institute in Julie vanjaar in Washington DC by te woon. Dit word jaarliks gehou om onder meer belangstelling in institusionele navorsing te stimuleer en kwessies rondom metodologie en tegnieke te bespreek.

Tydens die instituut het Eygelaar 'n aanbieding gedoen saam met drie AIR-kollegas. Na afloop hiervan het hy ook 'n konferensie oor studentewerwing, bemerking en retensie in Denver, Colorado, bygewoon.

"Die twee konferensies het my blootstelling gebied aan

nuwe perspektiewe, idees en tegnologie oor strategiese inskrywingsbestuur," sê Eygelaar.

**PROF DANIEL LOUW** van die Fakulteit Teologie is gekies as president van die International Council for Pastoral Care and Counselling (ICPCC) op



die organisasie se onlangse kongres in Rotorua in Nieu-Seeland. Die ICPCC is die enigste internasionale organisasie vir pastorale sorg en berading, en bestaan uit vyf subverenigings van regoor die wêreld. Die fokus is op 'n holistiese benadering in berading en die bevordering van die spirituele dimensie in sorg en berading binne verskillende kulturele kontekste. Spirituele terapie moet verstaan word binne die interaksie tussen religieuse oortuigings, geloofsgemeenskappe en kulturele kontekste.



## Tuberkulose navorsing

# Sentrum ontvang hoëprofiel-besoek

'N Afvaardiging van befondsingsgenote en leiers op die gebied van wetenskap en tegnologie in Suid-Afrika het onlangs eerstehands kennis gemaak met die grensverskuivende werk wat aan die US gedoen word op die gebied van tuberkulose.

Dit was tydens 'n besoek aan die Sentrum vir Uitnemendheid in Tuberkulose Navorsing in die Departement Biomediese Wetenskappe van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW).

Onder dienege wat die Sentrum besoek het, was dr Phil Mjwara, direkteur-generaal van die nasionale Departement van Wetenskap en Tegnologie; dr Albert van Jaarsveld

van die Nasionale Navorsingstigting (NNS); dr Ali Dhansay van die MNR; die US Rektor, prof Russel Botman; die US se Viserektor: Navorsing, prof Arnold van Zyl; en die dekaan van die FGW, prof Jimmy Volmink.

Die direkteur van die Sentrum, prof Paul van Helden en sy span – wat as wêreldleiers op die gebied van TB-navorsing erken word – het hul navorsingsprojekte met die besoekers bespreek en die hoogs gesofistikeerde toerusting wat vir hierdie navorsing gebruik word aan hulle gewys. Dié

toerusting sluit in die nuwe Orbitrap-massaspektrometer, wat met befondsing van beide die NNS en die US teen R8 miljoen aangekoop is.

Dit is juis as gevolg van die hoë gehalte van die US se tuberkulose-navorsing dat die staat aansienlike fondse aan die Universiteit bewillig het.

Benewens die befondsing van die Orbitrap – wat die eerste in sy soort in Suid-Afrika is – is die DST/NNS die hoofbefonders van die Sentrum vir Uitnemendheid in TB-navorsing.

Die Sentrum is een van sewe

sentrums van uitnemendheid wat by universiteite landwyd topgeleenthede vir voortrefflike navorsing skep. Die befondsing vir dié sentrums word binne die volgende twee jaar hersien.

Tydens die hoëprofiel-besoek het Botman beklemtoon hoe belangrik hierdie sentrums, sowel as samewerkingssvennootskappe met die regering, vir navorsing in Suid-Afrika is. Hy het ook daarop gewys dat die US se tuberkulose-navorsing en die



Dr Phil Mjwara en dr Salomi Smit by die Orbitrap. Foto: Anton Jordaan

rol wat dit speel in die HOOP Projek integraal deel is van die rol wat die US in Afrika speel.

– MANDI BARNARD

## Hoogs gesofistikeerde toerusting word vir hierdie navorsing gebruik.



Prof Julian Smith, Ms Jackie Wiese and Mr Wentzel Barnard at the new Jackie Wiese dressage arena.

## New equestrian facilities launched

Maties Equestrian Club, tucked away behind the Coetzenburg sports grounds, recently underwent a major facelift.

The members of the club worked hard in the past months to upgrade the facilities. Twenty stables were rebuilt and enlarged, five new stables were built, paddocks were improved and extended, a new office was built, the lunge ring and jumping arena were upgraded, and a new, Olympic-sized dressage arena – the Jackie Wiese Arena – was built.

This offers competitive riders the chance to prepare for competitions

and creates the spaces for better riding instruction. Maties Equestrian competes in various disciplines, ranging from dressage and show jumping to Polocrosse.

The Equestrian Club was established in the early eighties, originally as part of the Faculty of Agriculture. Since 1986, the Club has opened up its membership to the entire student body and expanded quite considerably.

The Club has a number of top Polocrosse players as members, and this year no less than six members were in the Western Province teams,

while Celicia Jacobs represented South Africa in the Polocrosse World Cup held in the United Kingdom in July.

The official launch of the new arena took place on Monday, 29 August, and was attended by Prof Julian Smith, Vice-Rector for Community Interaction and Personnel; Ms Jackie Wiese, Director of Sport; Mr Wentzel Barnard, Sport Manager; Horseriding; and Mr John de Wet, Facility Manager Coetzenburg; as well as the committee of the club.

For more information, visit <http://blogs.sun.ac.za/matiesequestrian>.

## Ingenieurswese verloor groot steunpilaar

Die Fakulteit Ingenieurswese het een van sy grootste steunpilare verloor. Prof Peter Dunaiski (foto), Visedekaan: Onderrig en professor in die Departement Siviele Ingenieurswese, is op 14 September aan kanker oorlede.

Dunaiski het 'n reuse-bydrae tot die Fakulteit en die siviele ingenieursbedryf gelewer. Sy wortels in die US lê wyd en diep. Hy het in 1974 die graad HonsBIng (Siviel), in 1984 die graad MIng (Struktuur-ingenieurswese) *cum laude*, en in 1991 'n PhD in Ingenieurswese verwerf. Hy was vir 'n kort periode werksaam by Van Wyk en Louw Raadgewende Ingenieurs in Pretoria en VKE Raadgewende Ingenieurs in sy geboorteland, Namibië.

In 1978 het hy sy verbintenis met sy almal mater verder verstewig toe hy as navorsingsassistent by die Departement Siviele Ingenieurswese aangestel is. Dunaiski se loopbaan by die Fakulteit het stelselmatig deur al die vlakke gevorder: van lektor (1979), senior lektor (1981), professor (1991), hoof van die Afdeling Struktuur-ingenieurswese en Informatika (1996), voorsitter van die Departement Siviele Ingenieurswese (1998), tot sy aanstelling as Visedekaan: Onderrig in 2009.

Dunaiski was 'n genoot van

die SA Instituut vir Siviele Ingenieurswese, 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese, asook 'n erelid van die SA Instituut vir Staalkonstruksie. Hierdie erelidmaatskap, wat in 2007 aan hom toegeken is, is gedoen op grond van sy merkwaardige bydrae tot die staalbedryf.

As kollega was hy hoogs gerespekteer. Hy is gekenmerk deur sy presisie en perfeksionisme, maar ook sy toeganklikheid en menslikheid. Ten spyte van 'n oënskynlik streng uiterlike voorkoms, het kollegas gou sy sagte innerlike en sin vir humor ontdek. Hy het sy werk met integriteit en ywer gedoen en met hierdie houding sy kollegas geïnspireer om sy voorbeeld te volg. Hy was sterk en ferm, en besonder lojaal.

Prof Arnold Schoonwinkel, Dekaan van die Fakulteit, het gesê: "Dunaiski was vir ons 'n wonderlike kollega. Die deeglike manier waarop hy elke taak aangepak het, was vir ons altyd 'n inspirasie en die Fakulteit het baie voordeel daaruit getrek."

Dunaiski was getroud met Irmel, en hulle het drie dogters: Elke, Anke en Wibke. Hul jongste dogter, Wibke de Villiers, is 'n dosent in die Departement Siviele Ingenieurswese.

– LIESL KOCH



## US befonds oop toegang

Die eerste ooptoegangartikel is pas gepubliseer met befondsing van die US Biblioteek- en Inligtingsdiens se ooptoegangsfonds, wat vroeër vanjaar gestig is.

Dié fonds kan aangewend word vir die subsidiëring van outeursfooie vir publikasie in ooptoegangstydskrifte, institusionele lidmaatskap van ooptoegangsuitgewers soos BioMed Central (BMC) en Public Library of Science (PLoS), en die subsidiëring van outeursfooie vir publikasie in gewone tydskrifte waar 'n bykomende fooi vereis word om oop toegang tot 'n skrywer se gepubliseerde artikel moontlik te maak.

Die eerste gepubliseerde ooptoegang-artikel, "Pharmacogenomic research in South Africa: Lessons learned and future opportunities in the rainbow nation", is in *Current Pharmacogenomics and Personalized Medicine*, volume 9 (3), September 2011: pp.191-207 gepubliseer.

Die artikel is deur prof Louise Warnich van die US se Departement Genetika en Visedekaan van die Fakulteit

AgriWetenskappe. Die artikel is beskikbaar op SUNScholar, die US se ooptoegang-navorsingsbewaarplek.

## Universiteit op QS-lys

Die US het vanjaar vir die eerste keer die QS World University Rankings gehaal en beklee 'n posisie onder die top 450 uit 'n totaal van sowat 2000 universiteite in die wêreld.

"Dit is 'n eerbetoon waarvan ons beskeie kennis neem, maar wat opnuut beklemtoon dat ons toekomsgerigte visie en die aanwending van ons bewese kundigheid om ons aktiewe rol en relevansie globaal uit te bou (met 'n besondere fokus op Afrika), strategies korrek is," het prof Russel Botman, US Rektor, ná dié aankondiging verlede maand gesê.

In die QS-verslag word die US beskryf as "a new entry ... that leapfrogged past the Universities of Pretoria and Kwa-Zulu-Natal ... and the third-highest ranked university in the region (Africa)".

Die Universiteitsraad het die Bestuur en al die personeel en studente van die US gelukgewens met die uitsonderlike prestasie.

## Private sector partnership

SU's Faculty of Health Sciences (FHS) and Novartis recently hosted the first annual Clinical Science Workshop at the Wallenberg Centre at STIAS. This annual event brings together postgraduate students, practicing clinicians and academic staff, who are interested in the applicability of epidemiology, biostatistics, and modelling and simulation; and the role of social media in providing health-related information.

The three-day workshop is part of an innovative partnership launched between Novartis and the FHS in December 2010. Through this collaboration, Novartis offers study grants to 30 postgraduate medical students, over a period of three years, to complete a Master's Degree in Clinical Epidemiology at SU.

The FHS offers an MSc Programme in Clinical Epidemiology, with an emphasis on evidence-based medicine, which provides health professionals with the necessary skills to generate and apply reliable, up-to-date evidence in clinical practice. Clinical epidemiology improves patient care by providing scientifically valid answers to questions about diagnosis, prevention, therapy, prognosis and aetiology.



## Development

# SU set to be hub for advancement training

Stellenbosch University (SU) will serve as a hub for university advancement training and capacity building with a focus on the specific development needs of higher institutions in Africa.

Flowing from a three-day workshop at the Bellville Park campus from 26 to 28 September where the Advancement Academy was launched, some 30 delegates from universities as far afield as Nigeria, Ghana and the Democratic Republic of Congo exchanged views and ideas on a long-felt need for a professional support structure for the training and development of professional staff in Africa in the fields of fundraising,

alumni relations and development communications.

The keynote speakers on the first day were SU Rector Prof Russel Botman; Dr Jon Dellandrea, former Pro-Vice-Chancellor (Development and External Affairs) at the University of Oxford and Chancellor of Nipissing University; and Ms Rivi Frankle, Assistant Vice-President (Alumni and Stakeholder Relations) in the Advancement division at the University of Toronto.

On the second morning, two other international speakers, Ms Ellen

Sullivan, Director of International Advancement at Harvard University and a member of the National Board of the Council for the Advancement and Support of Education, and Mr

**All African universities face the same challenges of a globalised information society, the poverty gap and sustainability.**

Ahmad Shehu, Director: Advancement of Bayero University in Nigeria, discussed strategic donor relations and stewardship, as well as an

African perspective on advancement.

Botman emphasized that in 22 of the world's least developed countries – where the economic growth has been 5,7% since 2000, and only 6% of the eligible age group enrol at universities – higher education has an important role to play in the development of Africa. Only 0,7% of the global research output comes from Africa, and African thinking is not quoted by the rest of the academic world.

All African universities face the same challenges of a globalised information society, the poverty gap and sustainability. Against this

background and amidst dwindling resources an Advancement division has become the engine room for the survival of universities to ensure that institutional goals are met, Botman said.

The other speakers at the workshop are also from SU: Prof Tobie de Coning, Chief Director: Strategic Initiatives and Human Resources; Mr Mohamed Shaikh, Senior Director: Communication and Liaison; Ms Annamia van den Heever, Director: Development; Ms Bev Witten, Director: Alumni Relations; and Mr Christoph Schmocker, who is responsible for Strategic Relations (Europe).

## Dosent vereer vir onderrig



'n Senior lektor aan die US, mnr Len Steenkamp (foto) van die Departement Rekeningkunde in die Fakulteit Ekonomiese

en Bestuurswetenskappe, het 'n nasionale toekening vir onderrig van die Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa (Heltasa) ontvang.

Steenkamp is een van slegs vyf akademië in hoëronderrig in Suid-Afrika wat die Nasionale Toekening vir Uitnemendheid in Onderrig en Leer van Heltasa ontvang. Hy kry R30000-prysgeld wat in 'n navorsingsrekening van die US inbetaal sal word.

Steenkamp sê hy doen baie navorsing oor onderrig en onderrig-praktyk. "My filosofie van onderrig berus daarop dat daar wedersydse leer tussen dosent en student is. Ek leer hulle, maar ek luister ook na die studente sodat ek kan leer."

Die toekening word op 1 Desember tydens Heltasa se jaarlikse kongres in Port Elizabeth aan Steenkamp oorhandig.



**LANGASEMS:** 'n Groep atlete spook dit uit in die eerste Dagbreek Maties Straatmylfees, wat vroeg in September gehou is en deel was van die reünieviering van dié koshuis wat vanjaar 90 jaar oud is. Dié fees, wat voortaan jaarliks aangebied gaan word, is gehou ter ere van die oud-Dagbreker De Villiers Lambrecht, die eerste Suid-Afrikaner wat 'n droommyl (die myl in minder as vier minute) in Suid-Afrika kon hardloop – op 13 November 1964.

Foto: Martin Vijoen

## Physiologist receives award

Prof Kathy Myburgh, the only woman in the Faculty of Science with a NRF B rating, has received the Lasec Award for Excellence in Physiology Research from the Physiological Society of Southern Africa (PSSA). It was awarded to her at the recent PSSA conference, which was hosted by the University of the Western Cape.

The award honours well-established physiologists who have proven their research excellence over a period of time, who are recognised internationally, and who have made a contribution to the research endeavours of PSSA.

Myburgh says she was influenced to follow the scientific discipline of human exercise physiology after she represented South Africa internationally as an artistic gymnast for seven years in the late 1970s.

As Director of the Skeletal Muscle Biology Research Group in the Department of Physiological Sciences,

Myburgh and her postgraduate students study the basic mechanisms of muscle rejuvenation and muscle stem cell-like satellite cells.

This is done to understand how muscles work, and how, through relevant therapies, injured muscles can be healed.

"Successfully setting up world-class laboratories in a setting where no human biology research was done before, and then establishing a research culture in my group that attracts not only top South African postgraduate students but also excellent international postdoctoral fellows, definitely count as two of my career highlights," this Fellow of the American College of Sports Medicine says.

Myburgh, who served as PSSA president for six years, serves on three editorial boards of international scientific journals, and is a former



Prof Kathy Myburgh with her award.

chair of the SU Department of Physiological Sciences.

● Also at the PSSA conference, two students from the Department of Physiological Sciences, Bali Sishi and Rudo Mapanga, received honourable mentions in the Wyndham student competition.

– ENGELA DUVENAGE

## SOL bied eersdaags onderrigakademie aan

Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) bied op 25 en 26 Oktober die jaarlikse Lente Onderrigakademie aan. 'n Reeks werkwinkels oor professionele onderrig word in parallelle sessies oor die twee dae aangebied. Die werkwinkels duur twee uur tot 'n volle dag en word op die Stellenbosch-kampus gehou.

Die 2011 Lente Onderrigakademie is die grootste nóg, met 15 werkwinkels. Onderwerpe sluit in: navorsing oor onderrig, die ontginning van studentediversiteit, suksesvolle groepwerk in groot en klein klasse, hoe om sin te maak van studenteterugvoer, en die ontwerp van onderrigmateriaal vir T-opsieklasse. Spesifieke aandag word aan assessering gegee, met werkwinkels oor buigsame assessering en webstudies (toekomsvoorspellings vir e-assessering), die gebruik van assessering om studenteleer te rig,

"clickers" en ander klaskamer-assesseringstechnieke, beplanning vir Vroeë Assessering 2012, en assessering binne diensleer met die klem op refleksie en portefeuljes.

Vir die eerste keer bied die Lente Onderrigakademie vanjaar 'n stroom werkwinkels wat deur US-dosente aangebied word. Prof David Holgate (Wiskunde), dr Steve Walsh (Interne Geneeskunde) en me Elmarie Costandius (Visuele Kunste) bied werkwinkels aan oor onderrig met handrekenaars ("tablets"), die gebruik van konsepkaarte vir leer, en kritiese burgerskap en selfrefleksie.

Die program, inskrywingsvorm en opsommings van die werkwinkels is beskikbaar op die Lente Onderrigakademie-webblad. Vir meer inligting kontak dr Karin Cattell by kcattell@sun.ac.za of (021) 808 3074.



## Intreeredes

# Profs praat oor onderrig, omgewing en gesondheid

Omgewingsopvoeding, verbeterde opleiding vir regstudente en die voorkoming van hartkwale en suikersiekte is in onlangse professorale intreeredes aan die US onder die soekling geplaas.

Proff Chris Reddy (Kurrikulumstudies) van die Fakulteit Opvoedkunde, Geo Quinot (Publiekreg) van die Fakulteit Regsgeleerdheid en Faadiel Essop (Fisiologiese Wetenskappe) het op onderskeidelik 13, 19 en 22 September in die Jannaschsaal van die Konservatorium hul intreeredes gelewer.

## Prof Chris Reddy

Reddy het in sy intreerede die klem laat val op omgewingsopvoeding en gesê dit kan help om sommige van die huidige ekologiese probleme op te los. Hy meen omgewingsopvoeding kan sosiale, ekonomiese, politieke en biofisiese toestande verbeter en 'n ekologies-volhoubare gemeenskap skep.

Hoewel omgewingsopvoeding in amp-telike leerplanne ingesluit is, bly die implementering daarvan 'n uitdaging, het Reddy gesê. "Baie onderwysers beskik nie oor die vermoë om omgewingsopvoeding in die leerplan te implementeer nie, omdat dit in hul eie opleiding van verdere studie ontbreek."

Volgens Reddy moet onderwysers die geleentheid tot verdere opleiding gebied word, en het verwys na die US se Omgewingsopvoedingsprogram (OOPUS), wat omgewingsopvoeding en die professionele ontwikkeling van onderwysers bevorder.

## Prof Geo Quinot

Quinot het in sy intreerede benadruk dat regstudente in Suid-Afrika opgelei moet

word om sosiale transformasie te dryf en vernuwend te dink ingevolge die grondwet.

Hy het gesê transformerende regsopleiding moet studente aanmoedig om krities te wees en heersende standpunte uit te daag. "Die manier waarop regstudente opgelei word, sal bepalend wees vir hoe die volgende geslag dink oor die reg en sy rol in hierdie land."

Volgens hom is dit belangrik vir regstudente om kennis te hê van die ekonomie, filosofie, politieke wetenskap, sosiologie, sielkunde en publieke administrasie ten einde aspekte soos moraliteit, beleid en selfs politiek – as deel van die ontleding van die reg – krities te benader.

## Prof Faadiel Essop

Essop het gepraat oor verskeie risikofaktore – oortollige maaigvet, verhoogde bloeddruk, lae vlakke van goeie cholesterol en verhoogde vlakke van suiker en vet in die bloedstroom – wat help bepaal of 'n persoon in die toekoms aan suikersiekte en hartkwale sal ly. Hierdie faktore staan as die metaboliese sindroom bekend.

Hy het aangevoer dat te veel vetsuur en suiker in die bloed die hart kan beskadig deurdat die selle óf sterf óf nie genoeg energie produseer vir optimale funksionering van die hart nie. Dit belemmer ook insulien se vermoë om suiker in die bloed te verminder en só diabetes te voorkom.

Essop het gesê mense moet reg eet, gereeld oefening, genoeg slaap en stres hanteer om hartkwale en suikersiekte te voorkom.

Hy het genoem sy bevindinge oor die afgelope paar jaar maak dit moontlik om nuwe behandelingsmetodes vir dié siektes te ontwikkel.

—ALEC BASSON



Prof Chris Reddy (Kurrikulumstudies) en die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, prof Yusef Waghid (regs).



Proff Geo Quinot (Publiekreg) en Gerhard Lubbe (dekaan) van die Fakulteit Regsgeleerdheid.



Prof Faadiel Essop (Fisiologiese Wetenskappe) en prof Eugene Cloete, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe.

## Research ethics discussed

Nineteen delegates from 11 African countries, representing the sub-Saharan Research Ethics Network (SAREN), recently attended a workshop hosted by SU aimed at writing an African-specific textbook on research ethics for members of the Network. The SAREN project is funded by the European and Developing Countries Clinical Trials Partnership (EDCTP).

Delegates came from Zimbabwe, Botswana, Ghana, Kenya, Nigeria, Cameroon, Egypt, Ethiopia, South Africa, Tanzania, and Liberia. The principal project leader is Prof Mariana Kruger, executive head of the Department of Paediatrics at the Faculty of Health Sciences and co-director of the South African Research Ethics Training Initiative (SARETI), while the co-principal project leader is Dr Lyn Horn, Research Integrity officer of SU, as well as a faculty member of the International Research Ethics Network of Southern Africa (IRENSA).

The content of the workshop will form the basis for the writing of the intended African Research Ethics Committee (REC) member's handbook. A number of the delegates will be authors of the different chapters in this planned handbook.

Several important available resources were discussed. One of these is the development of the Mapping African Research Ethics Capacity (MARC) website, which provides information about RECs in the different African countries.

An ethics review network for discussion purposes is also planned. It is hoped that the textbook will be written in the next 18 months and published online as a free document for all REC members in Africa.

—MANDI BARNARD

## ADVERTENSIES / CLASSIFIEDS

### TE KOOP / FOR SALE

**Pool Pump:** Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

**Swellendam** – Gesogde Aftreeoord: Ruim 2 slaapkamer eenheid met studeerkamer/3de slaapkamer, 1 badkamer, ruim kombuis en enkel motorhuis. Toegeboude stoep wat uitkyk oor prentjie mooi Langeberge. Grootte 139 m<sup>2</sup>. Eenheid nuut uitgeverf en opgeknip. Ideale aftree-geleentheid. Gereed om in te trek. Geprys om te verkoop @ R930 000. Skakel vandag! Mariette 082 258 1725.

**Embuia sitkamerstel en eikehout stoele** te koop. Kontak 021-8875319 of 788102562

### ACCOMMODATION WANTED / VERBLYF GESOEK

#### TE HUUR / TO LET

**To let:** Brand new garden cottage in tranquil Penhill. 1 Bedroom, kitchen/lounge, separate shower and WC, large living area. Secure parking. Small well-maintained garden. Separate entrance. Penhill is plus minus 15 km from Stellenbosch. R4 000pm, please call Klasi at 082 453 7325.

**To let:** Newly renovated private cottage with north-facing covered stoep amongst vineyards on farm 10kms from Stellenbosch on Polkadraai Road. 2 ensuite bedrooms, glasstop hob & oven, ADSL, Dstv arrangement, wooden

floors. R7 000 pm. Contact: nst@adept.co.za Mobile 079 882 0404

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Verblyf Stellenbosch:** Selfsorg-akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za. Kontak 021 883 3104, rdk@sun.ac.za

**VERBLYF:** Egpaar soek huis / woonstel om op te pas vanaf 1 Januarie 2012 tot 20 Januarie 2012. Skakel 021-808 3461 / 082 7686 037 - Celia Joubert

**'n Postdoktorale navorsingsge-noot** (Fakulteit Teologie) en sy gesin benodig huisvesting van Januarie 2012 af – 'n dorps huis of twee-slaapkamerwoonstel sal geskik wees (R5 000 pm maks). Tydperk is onderhandelbaar.

**Keep HEALTHY and FIT**  
by joining Maties Athletics on Monday and Tuesday evenings from 17:15 at the cricket fields and Wednesday evenings from 17:15 at Coetzenburg Stadium, for some jogging or walking and loads of fun!

All fitness levels are most welcome and it's FREE OF CHARGE.

For more details contact **Muhamed Ally on 021 808 4694.**

Hy is ook bereid om "house-sitting" te doen. Kontak Estelle Muller by tel 021 808-3626 of epos em4@sun.ac.za

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Southern Suburbs to Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

### DIENSTE / SERVICES

**EAGLE TRANSCRIPTION & TRANSLATION SERVICES:** Transcription of audio recordings, sound files (Tapes, .mp3 files), interviews, focus groups, research - English, Afrikaans and Xhosa. Call Lorraine. Tel.: (021) 761 1866. Cell: 084 812 9386. Email: eagle@iburst.co.za or lorrhein@gmail.com.

Rekenaars Grieks vir jou?  
Wil jy meer leer oor tegnologie en hoe om 'n rekenaar effektief te gebruik?

**Informasietegnologie (IT)** bied GRATIS kursusse in basiese rekenaarvaardigheid en Windows vir personeel aan. Kontak ons by **021 808 4367** of **help@sun.ac.za** om jou plek te verseker.

Computers seem like Greek to you? Want to learn more about technology and how to use your pc effectively?

**Information Technology (IT)** offers staff FREE courses in basic computer skills and Windows. Contact us at **021 808 4367** or **help@sun.ac.za** to secure your place today.

information technology  
informasie tegnologie

**HISTOLOGY LABORATORY**  
STELLENBOSCH UNIVERSITY  
Faculty of Health Sciences  
Department of Biomedical Sciences  
**Anatomy & Histology**  
P. O. Box 19063, Tygerberg, 7505, South-Africa

The Histology laboratory of the Department of Biomedical Sciences, division Anatomy and Histology has a comprehensive service of tissue analysis including routine histological processes (paraffin, frozen), and many special staining (including ICC, IHC) for histological or pathological studies. Digital image acquisition & analysis of high quality are available on modern stereo & compound microscope systems and the laser micro dissection microscope can rapidly and accurately isolate single cells or groups of cells from a broad range of sample types by using an inverted fluorescence microscope, solid-state UV laser and unique patented isolation technologies.

**SERVICES PROVIDED:**

**Sample Preparation: 2012**

Histology Sections	
Processing & Embedding (dehydration, clearing and infiltration to block)	R 30.00 /block
Unstained slides	R 15.00 /slide
Staining (H&E) & mounting	R 25.00 /slide
Staining (special) & mounting	R 40.00 /slide
*Immunostaining (own antibodies)	R 65.00 /slide

**Full processing to one H&E slide is R55.00 per slide.**

Frozen Sections	
H&E stain	R60.00 /slide
Unstained slide	R45.00 /slide

**Special Services**

Serial sections (ribbons)	R 25.00 /slide
*Membrane slide prep	R210.00/R60.00

**Microscopy/Morphometry:**

*Laser dissection system:	R160.00 /hour
Fluorescence microscopy:	R50.00 /hour
Image analyses:	R50.00 /hour

\*dependant on reagents/consumables use

Contact: Reggie Williams  
Tel: 021-938-9425 / 021-938-9397  
E-mail: rwilliams@sun.ac.za



## Art exhibitions

## Dietrich as artist and curator

Two exhibitions in which Prof Keith Dietrich, Chair of SU's Department of Visual Arts, is involved are currently on show at the University's Sasol Art Museum in Ryneveld Street.


In *Many Rivers to Cross | Conflict Zones, Boundaries and Shared Waters* works by Dietrich himself can be seen, while in *Handbound: A collection of illustrated bookworks* he acts as curator. Both exhibitions run until 29 October.

On Tuesday 4 October, Dietrich also presented his inaugural lecture, titled *Intersections, boundaries and passages: Transgressing the codex*, in the Sasol Art Museum.

*Many Rivers to Cross | Conflict Zones, Boundaries and Shared Waters* is an artist's book by Dietrich comprising four volumes that focus on three major river courses in South Africa, namely the Gariep, Great Fish and Vaal rivers.

This book is informed by the rich historical and archeological arena in which successive power struggles played themselves out across these rivers – by the conflicts of diverse human populations that inhabited the land around these rivers and by the complex relationships between colonial contact and terrain.

These three rivers also constitute important water courses that are linked in a web of shared waters or inter-basin transfer systems that play a significant role in sustaining water for industrial, agricultural and domestic use, serving as the lifelines for most of the country's population.



The Gariep River by Prof Keith Dietrich

With the increasing demands placed on their waters, and the toxic effluents being drained into them, these three rivers are at risk.

Considering the conflict that has taken place along and across these rivers, Dietrich uses them as metaphors for the pain and suffering that South Africa has undergone.

At the same time they also represent the importance of shared water for the future hope and survival of our country.

The images in the book map

the body over the land. Suffering and hope are depicted as patterns and centres of energy superimposed over riverbeds, while bodily organs and circulatory systems mirror these river catchments as webs and folds of life.

*Handbound: A collection of illustrated bookworks* is a group exhibition curated by Dietrich and Ulrich Wolff on behalf of the Centre for Comic, Illustrative and Book Arts at SU.

The exhibition showcases a collection of handcrafted books that have



Prof Keith Dietrich

## Breedt sing in Endlersaal



Michelle Breedt (foto), internasionale mezzosopraan en buitengewone musiekprofessor aan die US, kom in November na Suid-Afrika vir 'n landwyse toer om haar nuwe album bekend te stel.

Breedt het in Mei 'n solo-album getiteld *Shakespeare Inspired*, bestaande uit Engelse kunsliedere, uitgereik.

Hoofsaaklik toonsettings van Shakespeare-tekste, asook liedere wat handel oor Shakespeare en die tyd waarin hy geleef het, is op die album vervat. Sy sing komponiste soos Benjamin Britten, Edward Elgar en Ralph Vaughan Williams se toonsettings.

Prof Nina Schumann, US klavierdosent, begelei Breedt.

Die album het alreeds groot lof in Europa ingeoes.

Breedt en Schumann lewer op 6 November 'n uitvoering van dié liedere in die Endlersaal. Kaartjies is by Computicket beskikbaar.

## Prins in internasionale kompetisie

Die talentvolle pianis Megan-Geoffrey Prins, 'n student van prof Nina Schumann en haar man, Luis Magalhães, van die US Musiekdepartement, neem in Januarie deel aan die Unisa- Internasionale Klavierkompetisie in Pretoria.

Prins het in Julie die tweede plek in die Unisa- Nasionale

Klavierkompetisie gewen, wat hom nou die geleentheid bied om mee te ding in die Unisa- Internasionale Klavierkompetisie.

Die Bloemfonteiner Jan Hugo het die eerste plek verower, met Olga Rademan van die Universiteit van Kaapstad in die derde plek.

Die afgelope Saterdag, 8 Oktober, het Prins ook 'n uitvoering in die Endlersaal gelewer as deel van die Konservatorium se reeks "Rising Stars"-konserte.

Bewenens voorbereidings vir sy BMus-eindeksamen, is hy nou ook drukbesig om te oefen vir die komende internasionale kompetisie, wat drie weke lank duur en waaraan 30 jong pianiste van regoor die wêreld deelneem.

Prins sê vir elke rondesal hy 'n

program van 40 minute lank moet lewer, en die druk is groot, "want elke ronde is soos 'n eindronde".

Prins beoog ook om moontlik volgende jaar in Europa verder te studeer.

Die 21-jarige pianis is in Riversdal gebore en het al sedert 1997 verskeie toekennings en trofeeë by kompetisies gewen.

Hy het onder meer pryse gewen by die Riversdal Eisteddfodd, die Stellenbosse Kunstefees, die Musicon-klavierkompetisie in Bloemfontein en die Johann Vos-klavierkompetisie. In 2001 was hy 'n finalis in die Sanlam- Nasionale Musiekkompetisie, waar hy die prys vir mees belowende deelnemer jonger as 10 jaar oud ontvang het.

Sedertdien tree hy gereeld op saam met Suid-Afrikaanse orkeste, waaronder die Kaapse Filharmoniese Orkes, die Kwa-Zulu Natalse Filharmonie, die Johannesburgse Filharmonie, die US se Simfonie-orkeste (USSO), asook feesorkeste.

Onder sy prestasies tel wanner van die Nasionale Kunstetrust-musiekkompetisie in 2007, medewenner van die Lionel Bowman-kompetisie in 2008, wanner in die klavierkategorie van die Nasionale Kunstekaap Kompetisie in 2007 en 2008, en wanner van die Slurpie Kanna op die 2010 KKNK vir beste opkomende kunstenaar vir sy vertolking van Rachmaninoff se Klavierkonsert no. 2.

## Book explores climate change

When there is scientific evidence that the ice cap of Marion Island has already melted by 60% in the past 50 years, and the surrounding oceans became warmer by some 1,5 degrees Celsius over the past 40 years, who can still deny that climate change should be taken very seriously by scientists and policy-makers alike?

*Observations on Environmental Change in South Africa* looks at how environmental changes are progressively affecting the future of South Africans through their combined impacts on human livelihood, security and prosperity.

This book was launched in Stellenbosch on 22 August, and combines knowledge and interpretation of environmental change at an unprecedented scale. The environmental change wisdoms captured therein present serious challenges for South African Business, the South African government, the environmental science community, and all citizens for generations to come.

*Observations on Environmental Change in South Africa* is a richly illustrated and multi-

disciplinary publication that gives a picture of environmental change and describes the principal problems and the main drivers of environmental changes, how the environment is responding, and how these problems can be solved.

More than a hundred authors from 32 local and eight international organisations joined SAEON in bringing this 300-page book to publication. The project took more than three years to complete. Although rich in scientific content, the book is written in an easy-to-read style.

*Observations on Environmental Change in South Africa* is published by SUN MeDIA Stellenbosch. The book is also available as a free e-book (downloadable in PDF format) at [www.africansunmedia.co.za](http://www.africansunmedia.co.za).





Prof Monique Zaahl

# Ons gene vertel veel meer

Prof Monique Zaahl van die Departement Genetika in die Fakulteit Natuurwetenskappe is onlangs aangewys as een van die top 100 vroue in leierskap in Suid-Afrika deur die weekblad *Mail & Guardian*. **KAMPUSNUUS** het haar gepols oor haar navorsing, wat haar nie net al pryse besorg het nie, maar haar ook een van die voorste navorsers in Suid-Afrika maak.



**In u loopbaan het u al 'n hele aantal toekennings ontvang, selfs die Nasionale Orde van Mapungubwe van die president. Wat maak hierdie jongste toekenning van die *Mail & Guardian* anders of spesiaal?**

Dit is 'n eer om aangewys te word deur die *Mail & Guardian* as een van die top 100 vroue in leierskap in Suid-Afrika, asook om erken te word as 'n leier in my veld.

**U is professor in genetika en doen navorsing oor ysteroorlading. Vertel ons meer oor die tipe navorsing en die impak daarvan.**

Yster is 'n belangrike molekule, aangesien dit betrokke is in verskeie metaboliese paaie. Die liggaam het geen meganisme om van yster ontslae te raak nie, en dit moet dus goed gereguleer word. Indien dit nie gereguleer word nie, het die persoon 'n ysteroorlading of tekort aan yster – wat sleg is vir die liggaam. Die gevaar van te veel yster is dat dit jou selle begin beskadig weens verskeie chemiese

reaksies in die liggaam. Yster word ook opgehoop in jou organe en kan tot simptome soos diabetes, hartsiekte en ander lei. Die regulering van yster hou verband met die “aan-en afskakel” van gene in die ystermetabolismeweg. Ons ondersoek gene en geenmutasies om sodoende individue met die geneigdheid om ysteroorlading of 'n ystertekort te ontwikkel, te kan identifiseer voordat enige simptome ontwikkel.

**Waarom interesseer hierdie onderwerp u so?**

Dit is 'n genetiese siekte waarvoor ons kan toets nog voordat jy enige simptome ontwikkel het, dus kan daardie simptome voorkom word. Indien iemand reeds hartsiekte het wat deur ysteroorlading veroorsaak is (omdat ysteroorlading die selle in die organe beskadig), kan dit nie omgekeer of die hartsiekte genees word nie. Maar indien ysteroorlading voor die ontwikkeling van hartsiekte gediagnoseer word, kan dit wel voorkom word.

**U bied ook gereeld praatjies aan oor genetiese siektes, soos onlangs vir Welwees. Hoe belangrik is dit vir ons as gewone mense om basiese kennis hieroor te hê?**

Soos hulle sê: “Kennis is mag”. Dis belangrik om mense in te lig om sodoende ingeligte besluite te neem oor hul gesondheid en welstand. Dis ook belangrik om te besef dat genetika 'n “family affair” is, aangesien familieledede genetiese informasie deel.

**Genetika maak alreeds 'n groot impak op ons wêreld. Wat dink u sal hierdie impak in die toekoms wees?**

Genetika ontwikkel teen 'n geweldige tempo. Weens tegnologiese ontwikkeling en die voltooiing van die menslike genoom-projek is daar soveel meer vrae wat gevra word en soveel meer om te ontdek. Francis Collins het dit te sê gehad oor die voltooiing van die menslike genoom-projek: “Many primary-care providers will begin to practise genetic medicine.” (*Nature*, April 2010)

brokkies in beeld



Driehonderd slim Evas in Graad 11 het die negende jaarlikse Vroue in Ingenieurswese-middag op 7 September by die Fakulteit Ingenieurswese bygewoon. Die dogters van skole in die Skiereiland en Boland is genooi op grond van hul goeie prestasie in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Vanjaar se sprekers het almal uit fakulteitsgeledere gekom. Drie dosente, me Wibke de Villiers (Siviele Ingenieurswese), dr Annie Bekker (Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese) en me Liezl van Dyk (Bedryfsingenieurswese), asook 'n tweedejaar-ingenieurstudent, Tshepiso Moloko, het die meisies aangemoedig om ingenieurswese as beroep te oorweeg. Hier gesels De Villiers (regs) en Shamin O. Nassar (middel), 'n nagraadse student, saam met van die meisies na afloop van die aanbiedings.



To celebrate Arbor Week in September, SU's Postdoctoral Society planted 22 indigenous trees. A total of 14 trees were donated by individuals who are either postdoctoral researchers or who acted on the invitation from the Postdoctoral Society to the wider university community to participate. A further eight trees were donated by the Community of Mandela Rhodes Scholars of SU. All the trees were planted on a site chosen and managed by Mr John de Wet of the Department of Forest and Wood Science and Facility Management, and will later be marked with commemorative plaques with an inscription chosen by each donor.

Photo: Justin Alberts

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 9 November 2011**

Redakteur: Wayne Muller  
Bladontwerp: Heloïse Davis  
Drukwerk: SUN MeDIA Stellenbosch  
Advertensies: Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za  
Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

